

**Opening van opgeknapte melkery
en bekenstelling van Maties Melk,
Universiteit Stellenbosch (US), 24 Julie 2012**

**Opmerkings deur prof H Russel Botman,
rektor en visekanselier van die US**

Middag, almal. *Molweni. Good afternoon.*

Van my kant af, dankie dat julle gekom het, en welkom hier.

Ek sonder graag 'n paar gaste uit:

- Dr [Ilse] Trautman, die Wes-Kaapse Departement Landbou se Direkteur: Navorsing en Tegnologiese Ontwikkeling
- Mnr [Dèan] Kleynhans, [Voorsitter van die Melkprodusente-Organisasie (MPO)]
- Mnr [Willem] Stander, [Ondervoorsitter van die Vereniging van Veevoervervaardigers (Animal Feed Manufacturers Association, AFMA)]
- Lede van die SA Melkverwerkersonorganisasie (SAMPRO)
- Prof [Leopoldt] van Huyssteen, [Uitvoerende Direkteur: Bedryf en Finansies]
- Prof [Doug] Rawlings, [waarnemende Viserekotor: Navorsing]
- Prof [Louise] Warnich, [Visedekaan van die Fakulteit Agriwetenskappe]
- Mnr [Hein] Swanepoel, [Direkteur: Kommersiële Dienste]

Kollegas, dames en here ...

U ken die gesegde, 'n "Boer maak 'n plan". Wel, in hierdie geval is dit 'n "Melkboer maak 'n plan"; of eerder, die "Akademiese melkboere maak 'n sakeplan".

Hoekom sê ek so? 'n Ruk gelede het dit gelyk of ons die Universiteit se Welgevallen Melkery sou moes toemaak.

Die toerusting was verouderd; en die Melkery is teen 'n verlies bedryf. Dit het al hoe meer begin lyk asof die Fakulteit AgriWetenskappe maar Suiwelkunde sou moes afskaal of selfs heeltemal afskaf.

Dit sou 'n geweldige slag gewees het – nie net vir die Universiteit nie, maar ook vir die land in geheel. Die Suid-Afrikaanse melkbedryf het die afgelope 15 jaar heelwat veranderinge ondergaan. Enkele groot rolspelers is toenemend dominant en Suid-Afrikaanse suiwelnavorsingseenhede het erg gekwyn. Dit het 'n groot behoefté laat ontstaan vir onafhanklike wêreldklas-navorsing en -opleiding in Suid-Afrika.

Dis toe wat die "akademiese melkboere" begin planmaak het. Die Fakulteit en die Universiteit se Afdeling Kommersiële Dienste het koppe bymekaar gesit saam met die Bestuur en die eindresultaat is die geriewe wat ons vandag inwy.

Die Melkery spog nou met die beste navorsingsgeriewe in SA. Hier is ten volle geautomatiseerde melkmasjiene. Hier is 'n stelsel waarvolgens die voer en aanvullings wat die koeie kry, fyn beheer kan word. En hier is gerekenariseerde toerusting wat gedetailleerde inligting verskaf oor die koeie en hul melkproduksie.

Dit was 'n duur spulletjie – die kostes beloop R4,3 miljoen. Maar dis nou waar ons mense ekonomies vindingryk geraak het. Daar is besluit om die kostes te verhaal deur die volle Melkery te kommersialiseer onder die vaandel van ons Afdeling Kommersiële Dienste.

Voortaan gaan die melk wat hier geproduseer word, as 'n kommersiële produk verkoop word. Die melk word hier op die perseel gepasteuriseer, gehomogeniseer en verpak. En die verpakking is baie opvallend – "Maties Melk" pryk duidelik op die sakkies. Ek dink nie enigiemand sal kan twyfel waar die melk vandaan kom nie

Nou, om dit Universiteit se handelsmerk oral in winkels te hê, is natuurlik voordelig vir ons profiel. Maar dit kan in 'n kopseer omsit as die produk nie reg is nie. Daarom is ons baie trots dat Maties Melk 'n unieke produk van hoë gehalte is.

Die 3 000 liter melk wat daagliks geproduseer word, gaan deur 'n onafhanklike verspreider aan die kleinhandel gelewer. En só word beoog om die kostes deels te dek.

Ek sê "deels", want die sakeplan maak ook voorsiening vir inkomste uit navorsing. Tot dusver kon die Departement Veekundige Wetenskappe gemiddeld net twee navorsingsversoeke per jaar hanteer. Met ons nuwe geriewe – en die beoogde uitbreiding van die beeskudde – kan daar nou ses stelle proewe per jaar plaasvind.

Navorsingsdata ook akkurater wees as in die verlede, want rekordhouing en datavisaslegging is nou gerekenariseer. Veral van belang is die feit dat die melksamestelling tydens elke melking outomaties bepaal word.

Ladies and gentlemen, it has become increasingly important for universities to maximise their third-stream revenue. If they just want to do the basics, universities can get by with state subsidy and tuition fees. But if they want to position themselves at the cutting-edge of innovation and knowledge creation, they need to do more.

This is recognised in the "Green Paper for Post-School Education and Training", published in January. It calls on research-intensive universities to "continue to develop their capacities" because they are considered "a valuable national asset." And it looks beyond the education budget for funding the required "innovation" and "knowledge production". This does not come as a surprise – the global economic downturn has put budgets everywhere under pressure.

Dis nou waar die US se HOOP Projek as kapitaalveldtog inkom. In Maart het ons aangekondig dat ons ons eerste groot befondsingsdoelwit bereik het. En daarvoor is ons ons ondersteuners en vennote dankbaar.

Wat ons ook gesê het, is dat 'n nuwe kwantum-uitdaging nou vir ons voorlê – hier in die tweede dekade van die 21ste eeu. Ons uitdaging is om nuwe leer-, leef- en werkruimtes te skep en om ons bestaande fasiliteite op te knap om die US in staat te stel om die gemeenskap te dien. Die opgeknapte Melkery en Maties Melk is deel hiervan.

Met hierdie inisiatief posisioneer die US hom aan die voorpunt van akademiese opleiding in Melkbeesvoeding en Suiwelkunde. Ons skep die geleentheid vir groter betrokkenheid vanuit die privaatsektor in bedryfgesentreerde navorsingsprojekte. En daar is die vooruitsig van opleidingsgeleenthede vir plaaswerkers, in samewerking met die Melkprodusente-Organisasie.

Dít is mos hoop aan die werk, of wat praat ek?